



# Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

# Kompas



**Jaargang 20 no 11**  
November 2011

- Broeder-hoeders en suster-  
versorgers ..... 2
- Kerknuus ..... 5
- Heilshistoriese prediking in  
ons tyd (2) ..... 6
- Vrouesaamtrektag in  
Akasia ..... 9
- Die Kerk se antwoord op  
sekularisasie ..... 10
- Vrede deur vroue ..... 13
- 'Eerlijk duurt het langst' .. 15
- Evangelisasie in ons  
daaglikse lewe (1) ..... 17

## SAGMOEDIGHEID

In die alledaagse lewe word iemand wat as sagmoedig beskryf word, dikwels nie positief bejeën nie. So 'n persoon word baie keer 'n "softie" genoem. Iemand wat nie opkom vir homself nie, iemand wat nie beslis en selfversekerd is nie. Enkele *Kompas*-uitgawes gelede van het ds Kees Kleijn ook oor sagmoedigheid geskryf. Ek wil graag so 'n bietjie verder op sagmoedigheid ingaan. Moses word in die Bybel as die sagmoedigste man in die hele wêreld beskryf. Tog was hy beslis en kon hy kwaad word. Dink aan die toorn wat hy gehad het toe hy die twee kliptafels met die wet daarop geskrywe, stukkend gegooi het, omdat die volk voor die goue kalf gekniel het. Hy het 'n heilige toorn gehad, omdat die eer van God aangetas is.

Moses is in sy lewe dikwels bekritiseer. Sy eie broer en suster het hom sleg-gesê. Dan kom 'n trek van sagmoedigheid by hom na vore. Hy dra die saak in gebed aan die Here op. Hy word nie kwaad nie en probeer nie sy saak verdedig om te bewys dat sy kant van die saak reg is nie. Hy laat die wraak aan die Here oor. God straf daarna vir Aäron en Mirjam. Christus was ook sagmoedig: nog veel meer as Moses. Hy probeer Homself nie verdedig nie. Hy kom nie vir sy eie saak op nie. Hy het die mag gehad om dié wat Hom bespot het, daar en dan te oordeel. Hy laat dit egter aan sy Vader oor. Die reg lê by God. Tog het Hy die Fariseërs en ander mense bestraf en by geleentheid addergeslag genoem. Sagmoedigheid sluit nie toorn uit nie. Dit soek nie vergelding nie; dit wil ook nie dwing om jou saak te stel dat jy reg is nie. Dit soek milddadigheid, teerheid, eenvoud en liefde. Die Engelse vertaling sê "gentle".

God is lankmoedig en Hy ver wag dit ook van ons. Hy is liefde en Hy ver wag dit ook van ons. Maar Hy is nie sagmoedig nie. Dié houding word alleen op mense toegepas: God is te hoog verhewe om sagmoedigheid as eienskap te hê. Die hoogheid van God verhinder dat sagmoedigheid op Hom van toepassing sou wees. Maar Hy het in sy liefde wel diep neergedaal na ons mense om ons te red. Op grond van sy genade het Hy sy Seun gestuur om mens te word en in alles soos ons te word, uitgesonderd die sonde. Daarom is Christus wel sagmoedig as Mens en het Hy Homself op hierdie aarde ook so gedra. In Mattheüs 11:28-29 sê Hy ook dat Hy sagmoedig is: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele."

Die Heilige Gees is ook sagmoedig en wil dit aan ons leer. Dit is een van die eienskappe/vrugte wat deur die Heilige Gees aan ons gegee word (Gal 5:22). Ten slotte. Sagmoedigheid is: ons eerbiedig God wat hoog en verhewe is, en ons respekteer ons naaste wat God se skepsels hier op aarde is. Ons is kwesbaar. God vra dat ons in sagmoedigheid nie ons naaste sal kwes nie.

**Prof Hans Boon**

# BROEDER-HOEDERS en SUSTER-VERSORGERS

Om wagter te wees volgens Esegiël 3:16-27, 33:1-9 en 34

Uit die Bybel



“Is ek my broer se wagter?” – dit was Kain se arrogante vraag toe die Here by hom wou weet waar sy broer, Abel, is. “Is ek my broer se wagter?” – dit nadat hy hom sopas vermoor het. In ’n wêreld waar God mense op allerhande maniere aan mekaar verbind, maar waar die mens telkens weer daarna streef om hierdie Godgegewe bande af te gooi en stukkend te breek, is dit ’n steeds terugkerende vraag: is ek my broer se wagter? Is ek verantwoordelik vir die ander een? En is die ander een verantwoordelik vir my? In ’n selfgesentreerde, individualistiese samelewing is die antwoord op hierdie vrae deurgaans: “Nee! Ek is nie my broer se wagter nie”.

Maar wat van die familie van gelowiges, waar ons mekaar se broers en susters is? Is daar in die kerk nog so iets soos ‘broeder-hoeders’ en ‘suster-versorgers’? Of kan ons ook in die kerk met vrymoedigheid Kain se woorde aanhaal om ons eie ongeïnteresseerdheid teenoor mekaar te verdedig?

## Wagters in Israel

Wat was die stand van die broedersorg in Israel in die dae van Esegiël? Dit wil voorkom asof daar in elk geval geen gebrek aan wagters was nie. Ons vind naamlik ’n oorvloed aan profete in Israel. Ongelukkig blyk uit verskillende dele van Esegiël (bv. hoofstuk 13) dat hierdie profete nie deur die Here geroep is nie, maar dat hulle hulself aangestel het – volgens hoofstuk 13:2 was hulle profete uit hulle eie hart wat agter hul eie gees aan gewandel het. Daarby het hulle ook nie die Woord van die Here gebring nie, maar hulle eie woorde; lees maar hoofstuk 13:6:

“hulle sê: Die HERE het gespreek – terwyl die HERE hulle nie gestuur het nie; en dan wag hulle op vervulling van die woord!” Hierdie laaste wys vir ons dat die valse profete hul eie versinsels ook nog vas geglo het! En hierdie versinsels was konkreet om te sê dat God vrede vir sy volk bestem het. Kyk maar na hoofstuk 13:10: “Omdat, ja, omdat hulle my volk verlei het deur te sê: Vrede! terwyl daar geen vrede is nie.”

Hierdie profete moes eintlik die volk gewaarsku het vir die oordeel van die Here wat aan die kom was, sodat die volk hulle kon bekeer. Maar hulle het die volk eerder met ’n vals boodskap aan die slaap gesus. In sy geheel was die herders van Israel slegte herders. Volgens hoofstuk 34 het hulle slegs aan hulself gedink en nie aan die skape wat die Here aan hulle toevertrou het nie. Hulle het nie die swakkes versterk en die siekes nie gesond gemaak nie; hulle het die gewondes nie verbind en diegene wat weggedryf het, nie teruggebring nie; hulle het die verlore nes nie opgesoek nie, maar met hardheid en met strengheid oor hulle geheers. Die verantwoordelike persone in Israel het nie na hulle broers en susters omgesien nie...

## Esegiël as wagter

En dit is dan dat die Here sy eie wagter aanstel – Esegiël. “Mensekind” – sê die Here in hoofstuk 3:17 vir Esegiël – “Ek het jou as wag vir die huis van Israel aangestel.”

Wat was ’n wagter? Wel, stel jouself in jou verbeelding die volgende voor: daar is ’n stad met ’n muur reg rondom, en dit is in die middel van die nag.



Alles in die stad is rustig, almal slaap. En weet jy wat? Hulle kán ook maar slaap, want daar bo-op die dik muur wat reg rondom die stad geloop het, daar waak die wagters; hulle loop heen en weer en is voortdurend op die uitkyk vir enige teken van die vyand. Solank daar niks gebeur nie, bly hulle stil – verfris en versterk mag die stadsbewoners by die eerste rooi van die dag opstaan. Maar sodra die wagters iets sien, dan moet hulle die basuin kliphard blaas om op só 'n manier die stad wakker te maak en te waarsku. Die wagter waak wagtend; hy staan op die uitkyk, dit is al. Eers wanneer hy iets verdags opmerk, eers wanneer daar gevaar dreig, ja, dan kom hy in aksie.

Nou, só moes Esegiël ook wees: Esegiël moes waak, hy moes wag vir die eerste teken van die Woord van die Here. As die Here geswyg het, dan het Esegiël niks gehad om te sê nie, net soos wat die wagter op die muur niks het om aan die stad te meld solank as wat daar geen vyand aankom nie. Maar as die Here gespreek het, dan moes Esegiël onmiddellik die basuin blaas, dan moes hy die volk dadelik waarsku.

Teenoor die baie slegte wagters en herders wat die volk aan die slaap gesus het deur slegs vrede te verkondig, terwyl die Here in werklikheid op pad was om die oordeel oor sy volk te bring, word Esegiël as enkeling aangestel as hoeder van sy broeders. Een vir almal, met 'n baie ongewilde boodskap! Die slegte herders het gesê dat daar niks sou gebeur met diegene wat nog in Jerusalem oorgebly het nie, geen rede tot onrus nie. Maar die Here het 'n ander boodskap vir sy volk, 'n boodskap van oordeel en straf. En sodra Esegiël daardie oordeelsboodskap uit die mond van die Here aangehoor het, op daardie einste oomblik, moes hy dit sonder aarseling aan die volk uitbasuin. Op die oomblik dat die Here gespreek het, moes Esegiël waarsku, net soos wat die wagter op die muur die volk moes waarsku die oomblik as hy die vyand sien aankom het.

En dít het Esegiël se taak so ekstra swaar gemaak – want die vyand teen wie hy die volk moes waarsku, was nie die Babiloniërs of 'n ander volk nie. Die vyand was nie mense nie. Nee, die vyand was die **HERE** self! Ons lees naamlik in hoofstuk 3:17: "jy moet hulle van my kant waarsku" – maar dit is beter om dit te vertaal met: "jy moet hulle **teen** my waarsku." Die Hére was die aanvaller wat met sy oordeel oor sy volk gekom het. Die tradisionele gedagte van die Here as Beskermer van sy volk word hier heeltemal omgedraai. Die Here is nou die vyand. En Esegiël is die wagter op die muur wat die volk moes waarsku die oomblik as hy die Here sien aankom het. Dít was die ongewilde boodskap wat

Esegiël aan die volk sou moes oordra – nie vrede nie, maar oordeel.

Ek kan myself goed voorstel dat Esegiël moontlik gedink het: "Ag Here, stuur asseblief iemand anders. Dát die oordeel kom, goed, maar dat ék die oordeelsboodskap moet bring... Ek vra ontheffing uit die amp." Maar Esegiël kry nie tyd om hierdie moontlike gedagtes uit te spreek nie. Die Here sny elke moontlikheid af om vir hierdie taak te bedank. Want behalwe dat Esegiël die onheilsboodskap moet bring, moet hy ook nog hoor dat sy eie lewe hier op die spel staan. As hy stilbly, sal nie slegs die goddelose of die afgedwaalde regverdige sterf nie, maar hyself sal sterf! As hy sy werk wel doen en daar word nie na hom geluister nie, dan is die wins ten minste dat hy sy eie siel gered het. Wat 'n taak! Dink goed na oor die implikasies hiervan: as die Here vir jou 'n taak gee, as Hy jou roep tot 'n taak, dan **het** jy 'n taak. God het Esegiël nie maar net vriendelik versoek nie. Nee, God het hom voor die vuurpeleton geplaas: spreek, of jy sterf. Esegiël het werklik geen ander keuse gehad nie. Só ernstig was sy aanstelling.

### **Kerkwagters**

Die Here roep vandag nog steeds sy wagters, hulle wat waak op die mure van die kerkstad. Die Here roep steeds sy profete, hulle wat moet spreek wanneer Hy spreek. En dan gaan dit nie slegs oor die ampsdraers nie; nee, dit gaan oor almal wat 'n besondere verantwoordelikheid in die gemeente het – leiers en leidsters by 'n Bybelstudie en jeugvereniging, voorsitters en lede van kommissies, diakens en ouderlinge. Maar wanneer ons die kring nog wyer trek, kan ons ook wys op pa's en ma's in hulle gesin, oupa's en oma's teenoor hulle kleinkinders, die ouer generasie in die gemeente teenoor die jonger geslag, en uiteindelik elkeen wat dalk op 'n spesifieke oomblik geroep word om 'n boodskap te bring. Vir al hierdie persone geld die boodskap dat ons slegs goeie wagters kan wees as ons spreek **wanneer** en **waartoe** die Here ons opdra.

En hierin lê dan ook die swaar verantwoordelikheid van die wagter: die wagter moet, wanneer hy geroep word, slegs die Woord van God spreek – te pas en te onpas, of dit nou 'n aangename boodskap is of nie. En wanneer ons hierdie swaar verantwoordelikheid besef, dan sal ons ook bid vir dié mense wat in besonder hierdie verantwoordelikheid ontvang het, en dan sal ons ook in gedagte hou wat die Hebreërskrywer in hoofstuk 13:17 van sy brief sê: "Wees gehoorsaam aan julle voorgangers en onderdanig, want hulle waak vir julle siele as diegene wat reken-skap moet gee..." Dit is woorde wat so reg uit Esegiël kon gekom het. Die wagters van die gemeente waak oor die siele van die broeders en susters – dit is geen

eenvoudige taak nie, dit is 'n taak waarvoor ons maar liever ontheffing vra. Maar alle wagters moet weet: jou eie lewe is ook hier op die spel. Jy moet spreek, of sterf... Hiervan kan ek my nie afmaak met 'n ongeïnteresseerde "is ek my broeder se wagter?" nie. Nee, wie in die gemeente geroep word om te spreek, kan nie anders as om te spreek nie.

### Een vir almal

**Maar** is hierdie taak nie veels te swaar nie? Rus daar nie te veel gewig op die skours van die wagters nie? Dink aan Esegïël – tussen al die valse profete was hy 'n enkeling, was hy die enigste profeet wat die ware Woord tot die volk gespreek het, was hy die enigste ware hoeder van die broeders. Dit lyk sowaar soos een vir almal...

Maar om as wagter die Woord van die Here te spreek, beteken nooit dat jy alleen staan nie, jy is nooit 'n eenling nie. Ook al staan jy met jou boodskap teenoor 'n hele gemeente, is jy nog nie alleen nie. Ook Esegïël was nie alleen nie, want agter hom het die Een gestaan wat hom gestuur het; agter die klein mensie met die massiewe oordeelsboodskap het die grote God gestaan. Immers, teenoor die valse herders verklaar hierdie God in hoofstuk 34:11: "Kyk, hier is Ek, en Ek sal na my skape vra en vir hulle sorg." Ondanks Esegïël se swaar taak neem die Here self eindverantwoordelikheid vir sy skape. En Hy doen dit deur, volgens hoofstuk 34:23, een enkele herder oor sy kudde te verwek, een enkele herder wat sy skape sal laat wei – en die Here noem Hom 'my kneg Dawid'. Esegïël is nie eindverantwoordelik vir die kudde nie; nee, God is, deur sy kneg Dawid.



Dit is hopelik duidelik dat die herder wat 'my kneg Dawid' genoem word, hier verwys na Jesus Christus. Hy is waarlik die goeie Herder oor die kudde van God, en so noem Hy Homself ook in Johannes 10:11. En by Hom word werklikheid wat in

Esegïël se dae maar net skyn was. In Esegïël se dae het dit gelyk asof dit een vir almal was – Esegïël, die enigste ware profeet wat vir die hele volk die oordeelsboodskap van die Here moes bring.

Maar dit was nie werklik so nie. Esegïël was nie werklik een vir almal nie, want hy het nog steeds sy God agter hom gehad. Nee, een vir almal – dit het slegs gegeld vir die goeie Herder, wat as eenling sy lewe afgelê het vir almal, vir sy hele kudde. Dit is Hy wat as enigste wagter op Sion se mure die oordeel sien aankom het en dit eiehandig afgeweer het; dit is Hy wat God se regverdige oordeel alléén gedra en sodoende die volk daarvan gespaar het. En toe Hy daar aan die kruis op Golgota gehang het, toe die goeie Herder Homself die Paaslam gemaak het, toe het **Hy** niemand agter Hom gehad nie. Nee, toe het Hy slegs iemand **teenoor** Hom gehad. Hy was selfs verlate van Hom deur Wie Hy gestuur is. Hierdie wagter kon nie die ramshoring blaas om die stad te waarsku nie; nee, Hy moes self uitgaan en sy lewe aflê om die vyand – God se vernietigende oordeel – te dra. Buite die poorte moes Hy ly, sodat Jerusalem, die kerkstad, gered kon word. Terwyl die stad geslaap het, het Hy gewaak en geveg en gesterf. By

Hom was dit werklik 'een vir almal'.

## EEN VIR ALMAL!

Watter beter wagter wil jy hê om oor jou

siel te waak? Die huurling en hy wat nie 'n herder is nie, sien die wolf kom en laat die skape staan en vlug. Die huurling vlug, omdat hy 'n huurling is en niks vir die skape omgee nie. Maar die goeie Herder lê sy lewe af vir die skape. Jou lewe word teen die oordeel van God beskerm deur Jesus Christus. Nêrens anders is jou lewe veilig nie, deur niemand anders word daar só oor jou siel gewaak soos deur die goeie Herder nie. Dit is daarom nie verniet dat Petrus Hom in 1 Petrus 2:25 'die Herder en Opsieners van julle siele' noem nie. Dag en nag, uur na uur, waak Hy. Kyk, die Bewaarder van Israel sluimer of slaap nie. Die Here sal jou bewaar vir elke onheil; **jou siel sal Hy bewaar**. Die Here sal jou uitgang en jou ingang bewaar, van nou af tot in ewigheid (Ps 121:4, 7 en 8).

En daarom mag ek met vrymoedigheid wagter wees in sy Naam. Omdat Hy so beslissend die stryd vir die behoud van ons siele gewen het, daarom kan ek na jou toe kom om jou te waarsku, en kan jy na my toe kom om my te vermaan. Ons is nie alleen wanneer ons dit doen nie. In die Naam van die Herder en Opsieners van ons siele kan ek – wanneer ek geroep word – ook wagter wees. Dan spreek ek woorde van God wat daarop uit is om my broeder of suster se siel te beskerm.

**Ds Erik van Alten** is predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata.




# KERKNUUS

## Kerknuus uit Nederland

In die vorige bydrae in *Kompas* het ek iets probeer skets van die problematiese toename in kerkverlating onder jongmense. Van alle kante word probeer om hierdie tendens teen te werk. Een manier is om baie tyd en energie in katekisasieklasse te investeer. Verlede week het ek 'n simposium oor 'De toekomst van catechese' by die Theologiese Universiteit in Apeldoorn (TUA) bygewoon.

Tydens hierdie simposium is 'n nuwe handboek vir katekisasië bekend gestel met as titel: 'Altijd leerling – basisboek catechese' (dr A de Kock, dr W Verboom, e.a.). Dit is die eerste standaard handboek vir katechese sedert 1986, en terselfdertyd ook 'n baie bruikbare boek vir eksamen-doeleindes op teologiese universiteite.



Op die simposium het ook prof A Baars (dosent Diakoniologie, TUA) 'n lesing gehou oor die toekomst van katechese. Hy stel dat die kerk in Nederland haar nie net in 'n 'hoorcrisis' bevind nie, maar ook in 'n 'leercrisis'. Hy hoor van kollegas dat daar baie probleme is met orde, gedrag en motivering tydens katekisasieklasse. Volgens hom is die katekisasiemateriaal ook té uitgebreid. Hy stel die vraag of dit nie tyd geword het nie dat ons weer moet fokus op die hoofsaak van die geloof. En nie probeer om al die ander inligting waarmee ons die jeug van die kerk wil onderrig, by die katekisasiëlesse in te prop nie. Dan kan die jeug weer die basis van die geloof leer verstaan. Ook stel prof Baars die vraag of die probleem van die kerkverlatende jeug nie 'n dieperliggende oorsaak het nie, naamlik die invloed van die nuwe, kontekstuele hermeneutiek. Die laaste vraag slaan volgens my die spyker op die kop. Prof Baars het, ondanks 'n paar punte van kritiek, trouens wel sy groot waardering uitgespreek oor die verskyning van die nuwe katekisasiëhandboek.

Dan het daar op 11 Oktober 'n brief in die *Nederlands Dagblad* verskyn van studente in Kampen (lede van die studentevereniging F.Q.I.) wat hul visie deurgee oor die rol wat prof Schilder en die Vrymaking in hul historiese beleving speel. Na my mening 'n brief wat

goed aangee hoe (teologiese) studente hul eie kerkgeskiedenis beskou. Die inhoud van die brief wil ek kortliks weergee:

In die vergaderkamer van F.Q.I. (die studentevereniging van die Theologiese Universiteit in Kampen) hang 'n geraamde kopie van die beroemde foto van prof Klaas Schilder wat agter sy lessenaar sit. Elke jaar word die nuwe lede van F.Q.I. verplig om hierdie portret te groet met die volgende woorde: 'Gegroet, amice-reünist prof dr Klaas Schilder'. Met gespeelde erns verbeter die Senaat dan die uitspraak om ons enigste erelid te eer. Inderdaad 'n 'studentegrapp', 'n reliek uit vervloë dae. Maar dit neem nie weg nie dat daar by die meeste studente tog vrae is oor hul verbintenis met prof Schilder en die Vrymaking. Ook by ander Christelike studenteverenigings (soos bv. VGS) heers daar onsekerheid oor hul eie gereformeerde identiteit. Daar bestaan 'n bepaalde mate van verleentheid met hul eie geskiedenis. Die briefskrywers bevestig egter die gereformeerde karakter van hierdie en ander soortgelyke studenteverenigings. Wel erken hulle dat by F.Q.I. hierdie verleentheid ook te vinde is, maar dan wel op 'n ander manier. Op F.Q.I. is die vraag na die eie identiteit ook minder dringend, omdat F.Q.I. minder te make het met kompetisie tussen studenteverenigings soos die VGS-verenigings.

Persoonlik egter word hierdie 'teoloë in opleiding' volgens hulle self baie meer gedwing om kerklike kleur te beken as ander GKv-studente: binne enkele jare staan die meeste van hulle êrens as predikant in die GKv, ofte wel in 'die kerk van professor Schilder...' Daarom, skryf hulle, wil en kan hulle nie sommer hul agtergrond laat vir wat dit is nie.

Tog is hulle tegelykertyd verleë met die inhoud en die relevansie daarvan. Die vraag na die eie identiteit en tradisie word dus op die een of ander manier nog belangriker.

Die studente voel hulself nie persoonlik belas met die verlede van die Vrymaking nie. Die naam Schilder gee hulle ook geen ongemaklike gevoel nie. Die Vrymaking is wel iets wat hulle ten diepste nie verstaan nie, maar daarvoor is hulle nie regtig bekommerd nie. Hulle voel egter wel 'n diskrepansie tussen enersyds die aanwesigheid van die tradisie in allerlei uiterlike

sake, en andersyds die tekort aan 'n inhoudelike invulling daarvan in hul eie identiteit.



Daarom beskou hulle hulself as 'nuuskierig', en koester hulle 'n 'verlangende nuuskierigheid' na waarom hulle gereformeerd én vrygemaak is. Vrae soos: wat was die werklike dryfkrag van die vrygemaaktes in die veertiger- en vyftiger-

jare? Waarom soveel energie insteek in 'n volledige 'gereformeerde wêreld/suil'? Waarom is Schilder se 'Christus en zijn lijden' telkens weer herdruk en uitgegee? En waarom weer 'n kerkskeuring in '67? Maar seker ook breër: waarom is Bavinck en Kuyper in die buitenland so ongelooflik populêr? En wat het

hulle gedryf om opnuut weer die gedagtegoed van Calvyn op die kaart te bring? Juis hierdie vrae het F.Q.I. laat besluit om die sestigste sterfdag van Schilder, 23 Maart 2012, te herdenk. En dan nie met 'n studentegrap nie, maar via 'n lesing met materiaal oor wat vandag die relevansie van sy denke vir ons is. Soos hulle dit in die brief verwoord: " 'n verlange na 'n positiewe omarming van ons tradisie." 'n Verlange, omdat dit nog lank nie 'n werklikheid is nie.

Mooi dat ook teologiese studente, ook al is dit dan op 'n besondere manier, weer oopstaan vir hul eie resente kerkgeskiedenis. Hopelik ontdek hulle hierdeur weer die geweldige rykdom wat die Here God deur prof Schilder aan ons nagelaat het!

*Ds Axel Hagg is predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk (vrijgem) te Eemdijk, Nederland.*

## Kerknuus uit Suid-Afrika

### Reinhart Buenk : oorlede 7 Oktober 2011

Die Gereformeerde skole soos ons dit vandag ken en in Suid-Afrika gestig is, is heel anders as die destydse CNO-skole. Laasgenoemde het 'n sterk onderstroming van nasionalisme gehad. Die gereformeerde lewe moet egter op alle lewensterreine op die aarde deurskyn. Daarom word vakke so anders aangebied op 'n Gereformeerde skool as op 'n sekulêre skool. Reinhart Buenk het as onderwyser en onderwysman sy kinders geïnspireer.

Sy waardes en norme kom 'n mens nog steeds teë in die kinders wat deur sy hande gegaan het. Ook die liefde vir musiek was aansteeklik. Met 'n helder klank en vaste hand het hy kore gedirigeer. Hy het geleer om oud en jonk die Lied van die Lam te laat sing. Hy was op sy oudag koorleier van die Koorvereniging ASAF van die VGK Kaapstad. Ons dink met dankbaarheid aan wat die HERE ons in hom gegee het.

# HEILSHISTORIESE PREDIKING in ons TYD (2)

## Leer & Lewe

Heilshistoriese prediking – ken ons nog hierdie term? In die vorige uitgawe het ons reeds aandag hieraan gegee. Ons wil nou besin oor wat heilshistoriese prediking vandag in die praktyk beteken. (In hierdie artikel wil ons hoofsaaklik fokus op die gedagtegang van prof dr C Trimp.)

In 1986 skryf dr Trimp 'n boek met die titel: *Heilshistoriese prediking... Hervatting van een onvoltooid gesprek*. Hy stel dat daar feitlik geen vooruitgang in die debat rondom heilshistoriese prediking ná die Tweede Wêreldoorlog was nie. 'n Belangrike oorsaak was natuurlik die hartseer omstandighede toe die Gereformeerde Kerke (Sinodaal) en die Gereformeerde Kerke (Vrygemaak) in 1944

uitmekaar gegaan het. Die voorstanders van die heilshistoriese prediking was volgelinge van die kerklike weg wat Schilder gevolg het. In hierdie tyd het die debatte en gesprekke met die eksemplariese voorstanders uit die Gereformeerde Kerke (Sinodaal) feitlik verdwyn. Binne die GKv het die heilshistoriese benadering van die Ou Testament diep spore getrap. Dit het ook versprei na Engelstalige lande toe, veral na die VSA. Verdere teologiese besinning is dus hoofsaaklik by die Gereformeerde Kerke (Vrygemaak) gevoer. Die boek van dr Trimp ('n leerling van Schilder) gee 'n evaluasie van die debatte van die dertiger- en veertigerjare en probeer die lyne deurtrek.

## **Blywende betekenis**

Dr Trimp noem dat die debat van die jare '30 en '40 feitlik tot stilstand gekom het. Hy bepleit dat die gesprek weer voortgesit word. Volgens hom lê die blywende betekenis van die heilshistoriese benadering in die feit dat die prediking sodoende beskerm word teen allerhande uitwasse. In verband hiermee noem hy die goedkoop tipologie wat allerhande besonderhede in die Bybelverhaal onmiddellik oorbring na die hede. Ons kan ook dink aan die oordrag van die boodskap langs subjektiewe, individualistiese en psigologiese lyne. Sodoende is die prediking moralisties: dit gaan veral oor karaktertrekke, karakterfoute en morele foute by die hoofrolspelers van die Bybelverhaal, wat vervolgens weer as 'n soort spieël gebruik word vir die teenswoordige hoorders. Derdens noem hy die tendens dat ons subjektiewe beleving die teks begin vorm en domineer.

## **Heilsgeskiedenis en heilsorde**

Dr Trimp het egter ook kritiek op die heilshistoriese metode. Hy lig vir ons vier van die belangrikste punte uit: Eerstens noem hy dat die Oud-Testamentikus Holwerda geneig was om 'n teenstelling te maak tussen heilsgeskiedenis en heilsorde. Die begrip *heilsorde* gee vir ons 'n beskrywing van die algehele werk van die Heilige Gees in die harte van die gelowiges: roeping, wedergeboorte, geloof, bekering, regverdigmaking, heiligmaking, volharding en verheerliking. Trimp noem tereg dat ons geen kontras mag aanbring tussen heilsgeskiedenis en heilsorde nie. Die heilsorde is 'n integrale onderdeel van die heilsgeskiedenis. Dit is nie so dat die heilsgeskiedenis hom op een of ander manier 'herhaal' in die lewensgeskiedenis van die kinders van God nie.

Die verhouding tussen heilsgeskiedenis en heilsorde het alles te make met die verband tussen die werk van Christus en die werk van die Heilige Gees. Trimp wys daarop dat daar binne die heilshistoriese benadering baie aandag is vir die werk van die (komende) Christus, maar dat die werk van die Heilige Gees soms oor die hoof gesien word. Ons moet daarop let dat die Ou-Testamentiese bedeling nooit as 'Christus-loos' en 'Gees-loos' beskryf mag word nie. Tereg word deur Trimp genoem dat die plek wat die mens in die prediking van die evangelie inneem, ook aandag moet kry. 'n Christen staan nie bo die aardse dinge verhewe nie, maar in die middel daarvan.

## **Die gevaar van heilshistoriese skematisme**

Prof Trimp wys op die gevaar van skematisme in die heilshistoriese rigting. Die heilsgeskiedenis vorm 'n lineêre lyn deur die tyd, maar dit wil nie sê dat gelowiges dit altyd so ervaar nie. God bly getrou, en Hy gaan voort met sy werk deur al die eeue heen.

Maar God se volk/kinders bly nie getrou nie. Ons moet die heil aanvaar en daaruit lewe. Dit is 'n moeilike pad vol hoogte- en laagtepunte. Vanuit God gesien is die heilsgeskiedenis wel 'n reguit lyn, maar vanuit 'n konkrete Bybelse verhaal kom alles nie noodwendig reglynig op ons af nie.

## **Misvatting oor die woord Voorbeeld**

Trimp gaan ook daarop in hoe die heilshistoriese rigting omgaan met die begrip *voorbeeld*. As in die Bybel oor 'n voorbeeld gepraat word, is dit nie 'n vrybrief om dit op 'n eksemplariese wyse uit te lê nie. Dit gaan oor voorbeelde in die heilshistoriese sin. Teoloë soos Holwerda en Van 't Veer beperk hierdie voorbeelde tot die Nuwe-Testamentiese tyd (soos bv. Hebr 11 en 1 Kor 10). Trimp beskryf hierdie benadering as eensydig. Volgens Trimp gaan dit in Hebreërs 11 oor 'n reeks karakteristieke voorbeelde vir die Nuwe-Testamentiese gemeente. Die werk van die Vader, Seun en Heilige Gees moet weerklink in die heilshistoriese lyn asook in die heilsordelike toespitsing.

## **Verander tyd ons prediking?**

Sedert Trimp sy boek in die tagtigerjare geskryf het, was daar nog steeds stilte. Hy het aangedring en gevra op die voortsetting van die gesprek oor die heilshistoriese metode van prediking. Hy het moontlik nie die verdiende reaksie ontvang nie... Hoekom sal dit so wees? 'n Belangrike rede is dat reeds in die tyd van Trimp die visie op die prediking begin verander het. Die heilshistoriese benadering het dus die wind van voor gekry, en die wind word net sterker. Dit is as gevolg van ontwikkelings in die visie op die prediking die laaste tientalle jare. Die ontwikkelings het definitief die prediking vanuit 'n heilshistoriese invalshoek nie ten goede gekom nie.

## **Van die boodskap na die hoorder**

In die eerste helfte van die vorige eeu het die boodskap wat gepredik word, sentraal gestaan. Die plek van die hoorder was eintlik nie ter sprake nie. Dit het egter begin verander in die sestigerjare waar daar 'n wending begin kom het dat die hoorder ingesluit word. Die hoorder het 'mede-uitgangspunt' van die verkondiging van die evangelie geword. In die verlede is die inhoud van die prediking soms so sterk beklemtoon dat die manier waarop die hoorder die boodskap opneem en verwerk, in die skaduwee bly staan het. Trimp noem in verband hiermee dat die mens aangespreek word. As daar ooit prediking plaasvind waarin die mens homself nie kan herken nie, dan kan sulke prediking omtrent nie verkondiging genoem word nie – al bevat die prediking 'n diepe uitleg van die teks. Dit is egter 'n bedenklike rigting as die hoorder mede-uitgangspunt word van

die verkondiging van die evangelie, en die situasie van die hoorder die uitleg van die teks bepaal. In so 'n geval word die eintlike betekenis van die teks deur die hoorder en sy belewingswêreld gefilter. In so 'n proses kan allerlei eksegetiese aspekte van die teks buite rekening gelaat word. Daar word naamlik meermale genoem dat die postmoderne kerkganger "nie sit en wag op allerlei eksegetiese, kanonieke of heilshistoriese beskouing oor die teks nie". Dit het skynbaar geen raakvlak of verbintenis met hul lewenswêreld nie.

### **Van die leer na die gevoel**

Die prediking binne die gemeente van Christus het van ouds af die karakter gehad van onderwysing in (die leer van) die Skrifte. Hierdie tipe onderwysing het die laaste tientalle jare onder toenemende druk gekom. Postmoderne mense kom kerk toe om religieuse ervarings en belewenisse mee te maak en nie meer om iets te leer nie. Dit hang saam met 'n kulturomkering wat in ons tyd al hoe meer sigbaar word: In ons emosie-kultuur word die gevoelslewe op die voorgrond geplaas, terwyl die verstandelike deurdenking op die agtergrond tree. Mense soek 'n prediking wat aansluiting vind by die persoonlikheidsstruktuur van die hoorders. In so 'n klimaat is dit duidelik dat daar bitter min belangstelling sal bestaan vir leerstellig getoonsette prediking of vir inligting oor die heilshistoriese plek van 'n Skrifgedeelte.

### **Van betoog tot 'n verhaal**

In besprekings oor die prediking bestaan daar natuurlik ook baie aandag oor die vorm van die preek. Lyk die Sondagse prediking nou die meeste op 'n betoog of op 'n verhaal? Meestal is die prediking tog verhalend, al is daar definitief ook kombinasies van verhaal en betoog in die prediking.

Die populariteit van 'n verhalende preekwyse het onder meer met die volgende te make: Dit bied die hoorders die vryheid om as 't ware in die verhaal in te stap en dan saamgeneem te word wanneer hulle self so besluit. Verhale is dus geensins gedwonge van aard om daarna te luister nie, en dit nooi die luisteraars uit om hulself te identifiseer met diegene wat in die verhaal 'n rol speel. Op hierdie manier kry die hoorder se eie lewensverhaal meer sin en diepte. Bowendien kan die prediker die Bybelverhaal elke keer weer 'n nuwe intonasie en verduideliking gee. Dit is duidelik dat so 'n verhalende prediking baie naby aan eksemplariese prediking kom.

### **Teenkanting in ons tyd**

Dit lyk asof heilshistoriese prediking uitsterf. Dit gee egter hoegenaamd geen rede om afskeid te neem hiervan nie, intendeel – goeie Bybelse gereformeerde prediking moet vandag nog steeds 'n heilshistoriese karakter dra.

Heilshistoriese prediking kan in die volgende 5 belangrikste aspekte uiteengesit word:

- Dit onderstreep die heilshistoriese karakter van die Bybel
- Dit laat die gemeente die eenheid en voortgang van heilsgeskiedenis sien
- Dit leer ons die Ou Testament op 'n verantwoordelike Christelike manier lees
- Dit bewaar ons vir goedkoop, mensgesentreerde identifikasies
- Dit waarborg 'n goeie, pneumatologies getoonsette toespitsing van die boodskap

Die gemeente moet op 'n aanspreeklike wyse onderrig word in die groot heilswerke van God in Christus deur sy Gees. En dit is wat ook so broodnodig is in die tyd waarin ons lewe.



Die skrywer van hierdie artikel, prof dr A Baars, is professor in Amptelike Vakke aan die Teologiese Universiteit te Apeldoorn, Nederland.

*Bron: Nader Bekeken, Jaargang 18 no 1, Januarie 2011, geskryf deur A Baars en verwerk deur Roelof de Jong.*



# VROUESAAMTREK DAG in AKASIA

## Onderhoude & Verslae

Op 9 Augustus 2011 het ongeveer sestig vroue vanuit alle gemeentes vroegoggend opgetrek na die vrouesaamtrek dag. Die bymekaarkomplek was die Living Hope-gemeente (die sendinggemeente in Akasia, Pretoria waar ds DM Boersma in die bediening staan). Hierdie saamtrek dag is van belang om goeie verhoudings te bou tussen die swart en blanke susters van die Vrye Gereformeerde Kerke. Aangesien daar nog 'n winterkoue in die lug was, het die groetery plaasgevind terwyl ons in die son gestaan en warm word het. Die susters van die Living Hope-gemeente was intussen baie besig met voorbereidings vir 'n pragtige dag.

Slegs drie maande tevore is daar ook 'n vrouesaamtrek dag gehou, in Bethal. Die voertaal op daardie dag was Afrikaans, terwyl gedrukte vertalings in Engels beskikbaar was. Die dag is grootliks deur blanke susters bygewoon, met die uitsondering van enkele susters van die Living Hope-gemeente. By die Living Hope-vrouesaamtrek dag was die voertaal hoofsaaklik Engels. Hoewel daar meer swart susters was, was daar verteenwoordigers van elke gemeente van die Vrye Gereformeerde Kerke in Gauteng. Voorwaar 'n seën!

Na registrasie het almal in die mooi versierde saal inbeweeg. Dit is verbasend hoe 'n motorhuis so 'n gedaanteverwisseling kan ondergaan en sitplek aan 60 mense kan bied! Ons het almal 'n koevert met 'n program en 'n potlood ontvang, waarna die voorsitter, Mma Dube, almal verwelkom het.



Nadat daar in Sotho sowel as in Engels gesing is, is die Bybel oopgeslaan en Spreuke 14:31 is in 'n paar verskillende tale voorgelees. **“Wie die geringe verdruk, versmaad sy Maker, maar hy wat hom**

**oor die behoeftige ontferm, eer Hom.”** 'n Paar gedagtes is gedeel oor ons plig teenoor die armes, waarna elke gemeente gevra is om 'n lied te sing. Soshanguve XX, CC, WW, F4, Mamelodi, Nellmapius, Pretoria, Pretoria-Maranata en Johannesburg het almal 'n beurt gekry. Die eerste ses het ritmies in Sotho gesing, terwyl Pretoria en Pretoria-Maranata 'n psalm in Afrikaans gesing het. Johannesburg het iets anders probeer en ons het almal saam ritmies “Amazing Grace” gesing. Die taal en gewoontes het steeds 'n struikelblok gebly, maar in Christus weet ons dat dit nie altyd so sal wees nie. Na 'n uur van sang was 'n teepouse meer as welkom.

Na die pouse is twee sprekers aan ons voorgestel. Die eerste was Mma Fifi Nsenga, wat ook 'n lidmaat van die Living Hope-gemeente is. Mma Fifi het haar inleiding gebaseer op Spreuke 1:8: **“My seun, luister na die tug van jou vader, en verwerp die onderwysing van jou moeder nie,”** sowel as die onderwysings waarvan ons lees in **Efesiërs 6**. Voed ons ons kinders op om verteenwoordigers van Christus te wees? Christen-moeders moet baie tyd hieraan spandeer en kinders moet nie heeldag op straat of agter die rekenaar wees nie. Baie moeders spandeer te veel tyd daaraan om ander dinge te doen wat op die oog af goed lyk, terwyl hulle nie oplet waarmee hulle kinders besig is nie. Mma Fifi het klem gelê op:

1. Huisgodsdien.
2. Om jou kinders aan te moedig om daaraan te dink om hul gees te vernuwe (Ef 2).
3. Kerkdienste en/of Sondagskool is baie belangrik.
4. Josua sê in Josua 24:15: “... maar ek en my huis, ons sal die Here dien.” 'n Christen-moeder het met God se hulp die mag en gesag in die huis, al is haar man ongelowig.
5. Leer jou kinders om te bid en leer hulle van die Bybel. Leer hulle dat wysheid van God af kom.

Alles in ag genome, was dit 'n baie goeie les oor dit wat Efesiërs 6 ons leer.

Die tweede spreker was 'n kennis van een van die gemeentelede. Sy behoort aan die Metodistekerk. Sy het begin deur te vra: “Het jy geweet dat God altyd in 'n goeie bui is? Dit beteken dat, as ons positief dink, dan sal ons die krag van Christus in onself ontvang en daardeur kan ons baie vermag.”

Baie los verse is aangehaal uit Jesaja en Jeremia, wat baie bemoediging verskaf het. Maar tog het dit nie die volle waarheid vertel omtrent God en ons verhouding tot Hom met betrekking tot ons sonde nie. Daar is 'n gedig voorgedra oor wat dit is om 'n spesiale vrou te wees. Dit was opvallend dat die swart susters deurgaans "amen" gesê het en hul instemming met die spreker betuig het. Die blanke susters het egter agterna hul teleurstelling met die charismatiese inhoud van die referaat uitgespreek. Dit het getoon dat daar meer as net taal- en kultuurverskille tussen die swart en die blanke susters van die Vrye Gereformeerde Kerke is. Daar is 'n groot behoefte aan meer gereformeerde onderrig. Later het een van die susters die spreker eenkant geneem en vir haar aangetoon dat die Bybel herhaaldelik getuig van God se toorn oor die sonde en dat sy krag in ons swaakheid volbring word (2 Kor 12:9).

Nadat ons gesing het, is ons in groepe verdeel en het ons 'n paar vrae ontvang om te bespreek met betrekking tot die eerste spreker se onderwerp:

1. Hoe is Christus in ons opvoeding aan ons bekendgestel?
2. Wat doen ons in ons gesinne omtrent huisgodsdienst?
3. Hoe leer ons ons kinders om te bid?
4. Hoe word ons kinders van die Bybel geleer? Woon hulle Sondagskool by?

Ons het raad en idees met mekaar gedeel oor hoe om 'n Christelike atmosfeer in ons huise te handhaaf.

Dit is 'n groot jammerte dat daar nie meer tyd oor was om die tweede spreker se onderwerp te bespreek nie. Die Dordtse Leerreëls sou hier uitstekend gebruik kon gewees het. Miskien is dit iets waarop daar volgende keer gefokus kan word. Na 'n kort opsomming van die onderwerp het ons "Blesses Assurance" in Engels, Sotho en Afrikaans gesing.

**Hy is my Leidsman, Hy laat my leef.  
Hy is Oorwinnaar, Hy is die Heer.  
Uit sy genade, liefde en trou,  
weet ons hoe God sy kinders behou.**

Een van die susters het die saamtrededag afgesluit deur die Here te dank vir hierdie dag waarop 'n aantal vroue uit verskillende kulture kon saamkom en mekaar kon help om te leer hoe om ons Skepper en Vader te dien en te eer.

Laaste, maar nie die minste nie, het ons 'n heerlike middagete geniet wat deur die susters van die Living Hope-gemeente voorberei is. Daar is baie moeite gedoen en ons het elke mondvul geniet. Voordat ons vertrek het, het elkeen 'n dankie-sê-sjokolade ontvang, waarmee 'n merkwaardige dag afgesluit is.

*Christine Hordijk is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.*

## DIE KERK se ANTWOORD op SEKULARISASIE

### Pers-pektief

#### Kerk in die wêreld

Die kerk, die gemeenskap van gelowiges, loop deur onder subtiële en aggressiewe aanslae, veral in die westerse wêreld. Hierdie aanslae kom deur interne verdeeldheid, stryd, leerverskille of verlamende doelloosheid, asook deur aanvalle van buite. Die kerk leef midde-in 'n wêreld wat besig is om sterk te verander, ook wat betref lewenswaardes. Dit word gedryf deur ideologieë ("geeste van die tye") soos evolusionisme, feminisme, menseregte oor lewe en dood, post-modernisme, ens. Hierdie ideologieë en lewenswaardes laat die gelowiges nie onaangeroer nie. In die hoofartikel van *Kompas* van September 2011 is die impak daarvan op die kerkjeug bespreek. Die jeug is inderdaad een (kwesbare) komponent van die kerk.

Maar ook die ouer gelowiges is blootgestel aan die invloede van die wêreld. As dit invloed kry op die kerk, word dit verwêreldliking of sekularisasie genoem. En in sy aggressiewe vorm van regstreekse aanvalle op die kerk word dit sekularisme genoem: mense wat daarop uit is om die onderskeidende kenmerke van die kerk ten opsigte van die wêreld uit te wis. In die (ortodokse) kerk is daar mos geen vroueregte, geen homoregte en geen demokrasie nie, daar mag jy nie jou gesonde verstand en wetenskaplike resultate gebruik nie, daar word uitsprake in 'n ou boek uit verband geruk en tot norm verhef, ens.

Vroeg of laat word die kerk beïnvloed deur veranderinge in die wêreld buite die kerk waar ons midde-in staan. Ontwikkelings in die wêreld of wetenskap lei

partykeer selfs tot 'n anders lees van die Bybel. As ons 30 of 50 jaar terugkyk, kan ons tog veranderinge in die kerk waarneem. Hoe reageer ons as gelowiges op hierdie veranderinge en op aanvalle van buite?

### Wurggreep van sekularisme

In *Die Kerkblad* van Julie 2011 het prof Koos Vorster van Potchefstroom 'n artikel geskryf met as titel: "In die greep van sekularisme!". Na aanleiding van twee boeke wat onlangs verskyn het, meld hy dat ons die effek van sekularisme op die kerk besonderlik sien in Europa, in die tyd na die Tweede Wêreldoorlog. In die rasonele denke van die mens maak die tradisionele leerstukke van die kerk nie meer sin nie. As gevolg daarvan het die ontkerkliking in Europa sterk toegeneem. Maar dit begin nou ook duidelik word as 'n bedreiging vir kerke in Suid-Afrika. Hoe moet die kerke hierop reageer en wat kan ons leer van die proses in Europa? Kan die kerke hier beter vaar?

Prof Vorster skryf: "Sekularisme lok twee soorte reaksies van gelowiges uit. Eerstens is daar diegene wat pleit vir 'n ultra-verligte Christelike geloof wat daarin moet slaag om die proses van sekularisme te akkommodeer. ... Kom ons bestry sekularisme met 'n sekulêre Christendom waarin die Skrif nie meer die geloofs- en lewensnorm is nie. Die verloop van gebeure in Europa het egter getoon dat hierdie benadering nie werk nie. Die sekulêre teologie, evangelie en kerke versmelt eenvoudig saam met sekularisme en geen element van die Christelike geloof bly kenbaar oor nie."

"'n Ander reaksie is om hakke in te slaan en loopgrawe toe te hardloop. So 'n benadering wil sekularisme met ortodoksie en isolasie beveg. Die insigte van die wetenskap word beskou en bestry as 'n vyand van geloof, die Christelike lewe word 'n lewe van afsondering, wêreldmyding en isolasie ... en die kerke onttrek hulleself aan die openbare debat. Hierdie benadering werk egter ook nie. Kerke wat in die loopgrawe lê, ondergaan ook dieselfde verlies aan lidmate en betekenis ... en dit is moeilik om vanuit 'n loopgraaf die sout van die aarde en die lig van die wêreld te wees."

### Kerkvaders se wysheid

"Wat moet ons dan doen? Welmenende teoloë in Europa ... begin al hoe meer die antwoord soek in die optrede van die ou kerkvaders van die eerste eeue van die kerkgeskiedenis. Hulle vra die vraag: Hoe

het die kerkvaders en die vroeë kerke gereageer op die heidendom van toe? Die vroeë Christendom het in 'n totale heidendom geleef. Tog het die kerkvaders op deeglike en indringende wyse omgegaan met die strominge van hulle tyd. ... Ons kan inderdaad weer gaan leer by die ou kerkvaders."

"Hierdie betrokkenheid (by die wêreld waarin ons leef, HM) beteken om soos die kerkvaders van ouds die strominge van ons tyd te leer ken en om vanuit ons Skrifbeskouing en belydenis die nuwe konsepte te bestudeer en uit te daag en Christelike alternatiewe aan te bied wat die taal van ons tyd praat. So 'n kritiese betrokkenheid verg diepgaande omgaan met die teologie en prediking wat mense help om in die gety van sekularisasie staande te bly. Aan ons teologiese opleiding en die studeerkamerwerk van die predikant stel hierdie opsie hoë eise. Dalk sal moderne ateïsme ons noodsaak om nuwe belydenisse op te stel, soos die kerkvaders en die hervormers."

"Kritiese betrokkenheid verg ook diepgaande selfondersoek. Die kerkvaders het baie gemaak van die uniekheid van die Christelike lewe. Ons kan onself afvra: Hoe lyk die kerk na buite? Watter beeld vertoon ons? Lyk die lewe van gelowiges regtig anders as die lewe van hulle wat nie in die Here glo nie? Word dit wat ons sê, dink en doen werklik gekenmerk deur die uniekheid van die

Christelike geloof? Wys ons lewens tog nie maar die tekens van die sekulariserende wêreld om ons nie?"

"Kritiese betrokkenheid sal ook beteken dat ons, benewens ons geloofsuitgangspunte, 'n duidelike Christelike moraliteit sal moet vertoon. Christene moet gesien kan word in wetenskap en tegnologie, in politiek en kultuur, in onderwys en opleiding – en hulle positiewe invloed moet onmisbaar wees. ... Ons moet die nuwe denke uitdaag en aanspreek en die gode van die tyd ontmasker. ... Want mense – ook moderne mense – het nie die antwoorde op die diepste vrae van menswees nie. Selfs met die hoogs ontwikkelde intellektualisme van ons tyd kwel die diepste lewensvrae alle mense nog: Wie is ek? Wat is die sin van my bestaan? Hoe kom ek vry van my inherente onvermoë tot die goeie en tot liefde? Die kwellinge oor hierdie vrae sal die kritiese mens van vandag weer noop om lig te soek by die kern van die evangelie." Tot sover die oorsig en optimistiese verwagtings van prof Vorster.



## **Evangeliese beweging**

Oor dieselfde ontwikkelings het Herman Toerien vyf jaar gelede berig in *Die Kerkblad* van Oktober 2006, onder die opskrif: "Oor 15 jaar meer Moslems as Protestante in Nederland". Hy haal ds J de Jong van die Protestantse Kerk in Nederland (PKN) in Roodeschool, Nederland, aan, wat verwag daar sal 'n evangeliese ontwikkeling in die protestantse kerke wees. "Ons pas die vorm aan en bring mense tot 'n persoonlike geloof in Christus".

Ds De Jong meld verder: "Die feit is dat waar evangeliese inisiatiewe geneem word (jeugkerke, gespreksgroepe, gebedsgroepe, ens.), word baie mense binne die PKN aangespreek en tot 'n lewende geloof in Jesus gebring. In teenstelling met die kerk het die geloof in die bonatuurlike (wonders, ens.) en die geloof in God juis gegroei. Binne die kerk is ook 'n herbesinning te bespeur wat egter nog ryp moet word en moet begin groei."

Dit mag wees dat die herontdekking van die ou kerkvaders, en in die besonder hul nadruk op persoonlike geloof, lei tot 'n meer evangeliese beleving van die geloof. Dan val die ontwikkeling in die rigting van die evangeliese beweging dus tot 'n mate saam met die rigting wat prof Vorster aandui.

## **Die pad vorentoe**

'n Mens kan ongetwyfeld leer van die ou kerkvaders en hul stryd teen die heidense wêreld waarin hulle gewoon het. Maar ons moet tog erken dat die wêreld inmiddels wel van karakter verander het. Die ou kerk moes stry teen 'n wêreldbeeld en gode wat al hoe minder sin gemaak het en van wie se drukkende las mense stadigaan deur die evangelie vrygemaak is. Maar nou het die mens homself as 'n god op die troon geplaas en voel hy – deur wetenskap en tegnologie – self in staat om die goeie vir hom te bepaal en te realiseer. En dit mag wees dat hierdie god hom minder maklik laat onttroon as die gode van die ou tye.

Tog is die twee aspekte wat prof Vorster aandui vir gereformeerde kerke wel van waarde, om ons te beskerm teen verkeerde invloede van buite. Om haar boodskap by die hoorders en die wêreld tuis te bring en te ondersteun moet die kerk 'n voorbeeld van liefde, gemeenskap en uitreik na die swakkes wees. Die geloofsliefde, -blydschap en warmte en Christelike moraliteit moet by ons persoonlik en as kerke 'n duidelike kenmerk wees en van ons afstraal. Dan sal mense verwonderd wees en aangetrek word, as 'n "lewensreuk tot die lewe" (2 Kor 2:14-16).

Dit vra gerigtheid en inspanning. Paulus wonder in vers 16: "En wie is (uit homself, HM) tot hierdie dinge bekwaam?"

En verder: die beste verdediging is die aanval. As die kerk voortdurend op die verdediging gedruk word, mag al haar antwoorde lyk na agterhoedegevegte, uitvlugte of 'n wegvlug van die realiteit. As die kerk egter die swakhede in die moderne wêreldbeeld en in die menslike insigte en vermoëns kan ontmasker en die evangelie daarteenoor stel, dan sal die moderne mens ook moet erken dat sy post-modernistiese koninkryk sonder basis is, geen sin en doel het nie en slegs berus op beperkte menslike geloof. Ons kragte vir hierdie tweede aspek, die ontmaskering van die swakhede van die moderne ideologieë, lyk maar beperk. Maar dalk kan ons saamwerk met ander gelowiges wat vanuit dieselfde Bybelse uitgangspunte na dieselfde doel toe wil werk.

Vir die eerste aspek, die werklik gestalte gee aan die heiligheid van die kerk en die uitreik met Woord en daad na buite, kan en moet ons ons egter met mening inspan. As ons intern ons kragte verspil aan geestelik-onbelangrike sake, laat ons weer daarvoor besin. Ons moet ons kragte en energie in die eerste plek rig op die opbou van ons geloof, die heiliging van ons lewens en die uitdra van die evangelie. Laat ons in die kerk konsentreer op die sake wat werklik saak maak en deur die krag van die Heilige Gees hierin vorder. Dan sal ons persoonlik en as kerk soos 'n lig op die kandelaar en 'n stad op 'n berg wees, wat ander sal aantrek. Dan sal die kerk, selfs in 'n wêreld vol geloofsafval, kan staande bly en selfs groei onder die seën van die Here.

**Hans Moes** is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad.

Afsnydatum vir die  
volgende uitgawe van  
*KOMPAS*:

9 November 2011

# VREDE deur VROU

## In Pers-pektief

### **Nobelprys vir vrede**

Die Nobelprys vir vrede vir 2011 is toegeken aan drie vroue, waarvan twee uit Liberië in Wes-Afrika en een uit Jemen in die Midde-Ooste. Is dit eindelijk 'n openbare erkenning van die groot rol wat vroue speel en toenemend kan speel om vrede in Afrika en die Midde-Ooste te bewerkstellig? Wat presies is hierdie vredesrol wat vroue op ons kontinent kan speel? Het die oorheersende manlike regeringskultuur van stamhoofde, leiers van bevrydingsbewegings, regeringsleiers en diktators, vroue moontlik op 'n spoor geplaas, wat reggestel moet word? Pas ons eie vroulike leiers, soos mes Winnie Mandela, Patricia de Lille of Helen Zille, hierby in? Is daar Bybelse lyne in hierdie verband?

### **Alfred Nobel se pryse**

Op 27 November 1895 het die Sweedse nyweraar Alfred Nobel sy testament opgestel. Daarin het hy die grootste deel van sy besittings (in vandag se waarde amper R2 miljard) bemaak aan 'n fonds waarvan die opbrings jaarliks betaal moet word aan leidende wetenskaplikes, skrywers en vredestigters. Dalk het sy gewete hierby 'n rol gespeel, want sy fabrieke het onder andere plofstof gemaak wat vir oorlogsdoeleindes gebruik is. Hy het sterk belanggestel in sosiale sake en in vredesbewegings. Die opbringste van sy fonds is verdeel in vyf jaarlikse pryse: vir fisika, chemie, medisyne/sielkunde, literatuur en vrede. In 1968 het die Sweedse Ryksbank uit eie fondse 'n prys vir ekonomie bygevoeg. Hierdie pryse bedra elk nou ongeveer R12 miljoen en dra 'n hoë profiel.

Die vredesprys moet, volgens Nobel se testament, toegeken word aan 'n persoon wat hom/haar ingespan het vir verbodering tussen volke, vir die afskaffing of vermindering van weermagte en vir die hou en bevordering van vredeskongresse. Vier van die vyf Nobelpryse word uitgereik in Stockholm, Swede, maar die vredesprys word toegeken deur die Noorse parlement in Oslo en ook daar uitgereik (in Nobel se tyd was Swede en Noorweë nog een land).

Oor die laaste 111 jaar was daar reeds 'n hele aantal bekende ontvangers van die Nobel-vredesprys. Die stigter van die Internasionale Rooi Kruis, Henry Dunant, in 1901. Die bekende Duits-Afrikaanse dokter Albert Schweitzer in 1952. Verder mense soos Albert Luthuli in 1960, Martin Luther King in 1964, Moeder Theresa in 1979, aartsbiskop Desmond

Tutu in 1984, die Dalai Lama in 1989, Nelson Mandela en FW de Klerk in 1993, dr Wangari Maathai van Kenia in 2004, president Barack Obama in 2009. En dan nou gesamentlik aan die vroue Ellen Johnson Sirleaf en Leymah Gbowee van Liberië en Tawakkul Karman van Jemen.

### **Vredesprys 2011**

Die Noorse Nobelkomitee meld dat hierdie drie dames die prys ontvang het vir hul nie-gewelddadige stryd vir die veiligheid van vroue en vir die regte van vroue om volledig deel te neem aan die herstel van vrede. Die komitee stel nadruklik: ons kan nie demokrasie en blywende vrede in die wêreld realiseer as vroue nie dieselfde geleenthede as mans ontvang om ontwikkelings op alle vlakke van die samelewing te beïnvloed nie. Dit is ook in lyn met die VN Veiligheidsraad se Resolusie 1325 wat geweld teen vroue in gewapende konflikte verhef tot 'n internasionale veiligheids-aangeleentheid.



**Me Ellen Johnson Sirleaf** is Afrika se eerste demokraties verkose president. Sedert haar ampsaanvaarding in 2006 het sy sterk bygedra tot vrede in Liberië, tot die bevordering van ekonomiese en sosiale ontwikkeling en tot die versterking van die plek van vroue in die samelewing.



**Me Leyman Gbowee** het vroue dwarsoor etniese en religieuse skeidslyne in Liberië gemobiliseer en georganiseer om 'n einde te maak aan die lang en bloedige burgeroorlog in die land en om die deelname van vroue in die verkiesings te verseker. Ook na die burgeroorlog het sy gewerk aan die bevordering van die invloed van vroue in Wes-Afrika tydens en na die oorloë. Let daarop dat Liberië – die land van vryheid – in 1816 gestig is deur bevryde slawe uit die VSA wat besluit het om terug te keer na Afrika, met hulp van president Monroe – die hoofstad is Monrovia.



### **Me Tawakkul Karman**

speel 'n leidende rol in die stryd vir vroueregte en vir demokrasie en vrede in Jemen, selfs onder die moeilikste omstandighede tydens die "Arabiese lente".



In 2004 was die wenner van die Nobel-vredesprys **me (prof dr) Wangari Muta**

**Maathai** van Kenia, vir haar bydrae aan omgewings-bewaring, volhoubare ontwikkeling, demokrasie, menseregte en vrede.



Die Noorse Nobelkomitee hoop dat hierdie pryse sal help om 'n einde te maak aan die onderdrukking van vroue, soos dit in baie lande nog plaasvind, en dat

dit sal lei tot die realisering van die groot potensiaal vir demokrasie en vrede wat vroue kan bewerkstellig.

Dit is bemoedigend dat hierdie vroue raakgesien is vir hul rol in nie-gewelddadige aksies vir geregtigheid. Dit is aanneemlik dat die verregaande gelykheidstrewes tussen manne en vroue in die Skandinawiese lande bygedra het tot die keuse vir drie vroue (12 van die 97 vredesprys-wenners en 40 van die 500 Nobelprys-wenners sover was vroue). In die baie konflikte in Afrika is die meeste slagoffers vroue en kinders, wat dikwels moet vlug vir aanranding en verkragting, as hulle kan. In die tradisionele Arabiese samelewing speel vroue deurgaans 'n uiters ondergeskikte rol. Ongetwyfeld het hierdie oorwegings deel uitgemaak van die besluit. Ook mag politieke oorweging dalk 'n rol gespeel het in die keuse van me Karman, een van die leiers in die opstand teen die huidige regering in Jemen.

### **Mans en oorlog**

Oorloë en konflikte gaan oor mag en beheer, met gebruik van geweld. Dit is tradisioneel kenmerkend die terrein van die manlike deel van die mensdom. Wat betref die wetenskap hieragter sou die moderne sielkunde seker lig kon werp oor hoekom dit so is. Maar as ons kyk na die groot konflikte van die afgelope tyd, dan is daar 'n duidelike patroon. Maghebbers soos keisers, konings, eerste ministers en goewerneurs (deurgaans manne) voel bedreig in hulle mag of kry visioene van nog groter mag. Dan mobiliseer hulle die generaals en dié laat hulle troepe die "vuil werk" doen. Dan sterf die troepe in groot getalle op die slagvelde, terwyl dikwels ook groot

getalle burgers die slagoffers word. En uiteindelik is daar na al die sterftes min gevorder...

Tydens die 2<sup>e</sup> Anglo-Boere oorlog het 20 000 jong soldate van die Britse Gemenebes, 10 000 Boere-soldate en 27 000 Afrikaner-vroue en -kinders in Britse konsentrasiekampe gesterf. Want Cecil John Rhodes en die Engelse minister Joseph Chamberlain het 'n visioen gehad oor die Britse gesag "van die Kaap tot Kairo". Hulle het in hul doel geslaag, want die Boere-republieke is onderwerp aan die Britse gesag.

Tydens die Eerste Wêreldoorlog het 8 miljoen jong soldate gesterf, want die keiser van Oostenryk wou sy mag uitbrei op die Balkan, wat inbreuk sou maak op die mag van Engeland (eenvoudig gestel). Europa is daarna in chaos gedompel en die grondslag is gelê vir 'n volgende nog groter oorlog. Tydens die Tweede Wêreldoorlog het 21 miljoen jong soldate en 'n verdere 30 miljoen burgers gesterf vanweë die magsbelustheid van 'n Duitse diktator. Duitsland, Italië en Japan is verslaan en Europa het verarmd teruggekeer na waar dit ongeveer 50 jaar tevore was, maar sonder die keisers.

In die post-uhuru Afrika het diktators, krygshere en generaals hulle beheer gevestig oor lande en gebiede met kosbare grondstowwe, dikwels beskou as hul privaat eiendom. En hulle reken dat die inwoners sonder meer in alles aan hulle en hul soldate moet gehoorsaam. By ongehoorsaamheid volg moordpartye en verkragtings. Bendes in Suid-Afrikaanse voorstede terroriseer die plaaslike bevolking. Kinders word onder bedreiging betrek by die bendes. Ma's sien dit raak en die afwesige pa's staan eenkant. So word bendegegeweld gekontinueer. 'n Sinlose reeks slagoffers, dikwels vroue en kinders, vir die mag van enkele manne.

### **Vroue en vrede**

Dan is dit 'n verademing om te hoor dat daar vroue is wat opstaan teen hierdie soort van manlike geweld en onderdrukking. Dit is moedig van hierdie Afrikaanse vroue om, ondanks hulle deurgaans mindere fisiese kragte, met nie-gewelddadige middele te probeer om die geweldsiklus te deurbreek en hulself en hulle kinders teen geweld en uitbuiting te probeer beskerm. As dit verder uitkring, is daar hoop vir Afrika, 'n hoop wat in die huidige manlike geweld ten onder dreig te gaan.

Tensy ons regering, wetgewers en polisie ingryp om bendegegeweld te stop, is die enigste hoop dat ma's gesamentlik opstaan teen hierdie bedreiging van die samelewing. 'n Goeie voorbeeld van vroue-inisiatief

is die "Dwase Moeders van die Plaza de Mayo" in Argentinië, wat nog steeds op soek is na hul 11 000 vermiste kinders uit die "vuil oorlog" van 1976 tot 1983. Juis omdat hulle kwesbaar is, sal hul optrede van invloed wees. Hierin kan ons vroue in politieke leierskap-posisies ook leiding neem, eerder as om hul eie kosbare lewe te beskerm met 'n span lyfwagte.

Ons hoop dat die toekenning van die Nobel-vredesprys die vroue in Afrika moed gee. As hulle die (manlike) geweld op die kontinent kan deurbreek en sal help om wet en orde te herstel, dan sal daar geleenthede ontstaan vir 'n rustiger lewe, waar hul kinders skool toe kan gaan en waar geleenthede sal wees vir ekonomiese groei en maatskaplike ontwikkeling. En as hulle hul ook nie sal laat intimideer by stembusse nie, kan daar moontlik 'n leierskap aan bewind kom wat nie in die eerste plek na hul persoonlike belange en welvaart sal omsien nie, maar die belange van die breë bevolking sal bevorder.

Een van hierdie belange, wat saamgaan met vrede, rus, wet en orde in 'n land, is die geleenthede om die evangelie te verkondig. Sendelinge en evangeliste kan dan rondreis en hul werk doen sonder gevaar vir hulle lewe, gelowiges kan saamkom om God te prys en om die onderlinge gemeenskap op te bou (die "rustige en stil lewe" waartoe Paulus vir Timotheüs en ook ons oproep om gedurig voor te bid – 1 Tim

2:1-4). Dit geld dan veral vir lande in Afrika, soos Liberië. In die Arabiese wêreld sal vrouevredesbewegings nie sonder meer lei tot beter geleenthede vir Christelike sending nie. Tog kan God die "Arabiese lente" gebruik vir meer vryheid daar, ook in religieuse opsig. So het Hy destyds die heidense koning Kores van Persië gebruik om Jerusalem en die tempel weer op te bou (Jes 44:28). God span sowel gelowiges as ongelowiges in om Sy wil te laat geskied en Sy koninkryk te laat kom. So kan ons God se besturing van die wêreldgebeure raaksien, in Afrika en, volgens wat ons hoop, ook in die Arabiese moslem-lande.

So kan seker ook in ons tyd vroue die geleenthede benut om aktief betrokke te wees by kerk en samelewing. Vroue het weer ander gawes as mans en deur hul aktiewe deelname in die samelewing sal daar 'n gesonde balans kan kom en sal hulle vir manlike eensydighede kan kompenseer. Waar manne faal of nie verder wil of kan nie, kan vroue ons dalk uit die brand help met 'n meer "menslike", gebalanseerde en sorgsame benadering tot die samelewing.

***Hans Moes** is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad.*

## 'EERLIJK DUURT HET LANGST'

### Boekbespreking

Dat eerlikheid 'n goeie saak is, daaraan twyfel seker geen gelowige mens nie. Hoekom sou iemand dan 'n boekie skryf met hierdie titel?

Die skrywer het in 2006 gepromoveer op die gebruik van die woord 'rein' in die Ou Testament. Daarna het hy verder gekyk en agtergekom dat die woord 'rein' 'n sleutelwoord vorm in God se onderwys in opregtheid en egtheid. Die skrywer noem as voorbeeld Ananias en Saffira. As gevolg van hulle onopregtheid val hulle dood neer. Ons skrik as ons dit lees, maar die Here laat sien dat egtheid 'n kenmerk is van sy Koninkryk en dat dit voortspruit uit reinheid. Die skrywer kom daarby uit langs die volgende gedagtelyn:

1. In die Ou Testament klink die oproep tot reinheid baie kere op in die Hebreeuse woord *ṭāhōren-*

woorde wat daarvan afgelei is. 'n Paar voorbeelde:

- Die woord word gebruik in Psalm 51:12, waar van 'n suiwer hart gepraat word.
- Psalm 19:10 bring reinheid in verband met duursaamheid.
- Psalm 12 wys dat die rein woorde van die HERE veelbelowend is.
- Wie kan sy eie hart suiwer van sondes? – Spreuke 20:9. Hiervoor is skeppende krag nodig, Psalm 51:12.
- Reinheid is 'n kenmerk van God se skeppingswerk. Ons lees in Genesis 7:7 en 8 van rein diere en diere wat nie rein is nie (daar word nog nie gepraat van onrein nie). Het die sondeval sommige diere onrein gemaak terwyl ander rein gebly het? Nee, rein diere herinner aan die reinheid wat verlore gegaan het.

- God bly vashou aan die norm van egtheid en waaragtigheid. Byvoorbeeld Spreuke 15:26. Hier word slegte gedagtes geplaas teenoor rein woorde. En in Psalm 51 bid Dawid om 'n suiwer hart. Eeue later kry Israel die toesegging deur die mond van Esegïel dat die HERE 'n nuwe hart sal gee.
2. Die boekie gee vervolgens aandag aan die **reinheidsvoorskrifte**. In hierdie verband gebruik die Ou Testament dieselfde woord, *tāhōr*. Dit is nie altyd duidelik hoekom iets of iemand rein of onrein is nie. Maar dit is wel duidelik dat daar 'n inhoudelike betekenis saamkom in die bepalings; die bepalings vra 'n eerlike en deursigtige optrede na God toe, wat nodig is om Hom te ontmoet. Die skrywer noem die reinheidsvoorskrifte **basis-onderwys** in die omgang met God.
  3. Vervolgens kom **voortgesette onderwys** aan die orde. Dit is die stap van Moses na die profete. Die profete bou voort op die reinheidsvoorskrifte, maar die aksent verskuif nou van rituele handeling na die gesindheid van egtheid en eerlikheid teenoor God. As voorbeeld word Jesaja 6 genoem. Hier praat Jesaja van die onreinheid van sy lippe. Hierdie assosiasie (onrein en lippe) pas nie by die wet van Moses nie. Die lofprysing van die Serafs herinner Jesaja aan sy sondes, en sy woorde sou ongeloofwaardig klink, oneg. 'n Rein en opregte of *tāhōr*-hart is nodig vir die omgang met God. Dit is ook waarvoor Dawid bid in Psalm 51.
  4. Wat het die basis- en voortgesette onderwys opgelewer? Somtyds bekering, maar deurgaans was die prentjie **nie rooskleurig nie**. Diens met die lippe, maar hulle harte was ver van Hom vandaan (Jes 29:13). Ook Maleági skryf daarvoor. Sekere rituele kry aandag, maar daar is geen opregtheid nie.
  5. Dit word tyd vir **hoër onderwys**. Maleági 3 word vervul in Christus, ons hoogste Profeet en Leraar. "Hy sal doop met die Heilige Gees en met vuur... Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak (reinig)". Sy Gees verlos van koue en versteende harte en sit harte van vlees in die plek daarvan. Christus respekteer die reinheidsbepalings van Moses, maar Hy reken af met rituele praktyke, soos ons dit vind by Fariseërs en wetgeleerdes. By hulle het tradisie die opregte omgang met God verdring. Onegte nalewing van hierdie rituele het selfs gelei tot die kruisdood van Christus! Maar hulle wat **rein van hart** is, sal God sien.

En hiermee is ons terug by Ananias en Safira. Mooi praatjies, maar die hart was nie rein nie. En dit pas nie na Christus se **hoër onderwys** nie. Die vrugte wat hulle voortbring, is nie vrugte van bekering nie. Die vrugte wat God soek, moet voortkom uit opregtheid.



*Eerlijk duurt het langst*  
*Bijbelstudies*  
*over echtheid in*  
*het Oude en*  
*Nieuwe*  
*Testament*  
 MH Oosterhuis  
 ISBN 978-  
 908168682-2  
 78 bls.

Die **konklusie** aan die einde is dan ook dat opregtheid prioriteit moet geniet in ons diens aan die Here. Dit is nie dieselfde as spontaniteit nie, maar wel 'n besef dat ons 'n ander mens moet word, opnuut gebore, gedoop met die Heilige Gees en met vuur. Reinheid is nie dieselfde as heiligheid nie, so word egtheid ook nie bereik deur jouself toe te lê op heiliging nie, want heiliging **word** in jou bewerk. Die egtheid van 'n rein hart is die enigste weg om die koninkryk van God binne te kom. En om hierdie rede moet egtheid prioriteit geniet in geloofsopvoeding, kerklike toerusting, pastoraat en gemeenskap van die heiliges. Daar is niks verkeerd met gewoontes en vorms in ons diens aan die Here nie, maar 'n opregte en rein hart raak nie van stryk as hulle sou verander nie, want dit sien die betreklikheid van die simbool in verhouding tot die eintlike saak.

Een van die eerste dinge wat na die sondeval verdwyn het, was die vertroulike omgang met die Here, van hart tot hart kan ons maar sê. Die leuen het die vertroulike verhouding tussen God en mens verbreek. Christus het die grondwerk verrig wat nodig is vir die herstel van hierdie omgang. Ons sien uit na die volledige voltrekking van hierdie herstel in die nuwe Jerusalem, waarin geen verontreiniging en gruwelikheid en leuens sal inkom nie (Openb 21:27).

Die onderwerp van die boekie het ook gedien as 'n jaartema van die gemeente waarvan die skrywer 'n lidmaat is. In die woord vooraf lees ons: "*Hierdie boekie wil 'n stimulans en hulpmiddel wees om egtheid aan die orde te stel. Dit is nie maklik nie. Die gesprekke van gelowiges gaan so maklik oor ander dinge, soos die vorm en perfeksionering van*

die diens aan God. Daaroor kan diskussie so hoog opslaa dat dit selfs kerkverlating en kerkskeuring tot gevolg kan hê.” Inderdaad, selfs die vurige verdediging van ’n op die oog af goeie saak kan baie skade aanrig as die verdediger van so’n saak ten diepste gedryf word deur onegtheid, deur verkeerde motiewe, soos byvoorbeeld ‘gelyk hê’ of ‘eergevoel’ of ‘drang om hom- of haarself te laat geld’.

Ten slotte, die boekie bestaan uit 10 hoofstukke en elke hoofstuk bevat Bybelstudies met vrae aan die einde, wat dit geskik maak vir bespreking in groepsverband.

**Tjeerd en Diny de Wit** is lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.

## EVANGELISASIE in ons DAAGLIKSE lewe (1)

### Evangelisasie & Sending

#### Geestelike ekonomie

Vir baie jare was die siekte polio wêreldwyd ’n groot probleem. In 1955 was die eerste polio-entstowwe egter gereed vir algemene gebruik. Vir die volgende 30 jaar was daar duisende polio-intentings geproduseer en in gesondheidsmaatskappye se yskaste gestoor. Tog was daar tydens dié tydperk nog honderdduisende aangemelde gevalle van polio wêreldwyd. Die probleem was nie die voorraad nie, ook nie die aantal pasiente nie, maar die verspreiding.

Net so is dit die geval met die lewegewende Woord van God. Daar is onbeperkte “voorraad” van die Woord van God. En daar is miljoene mense wat dié “inenting” so nodig het. Maar die verspreiding van die evangelie is die probleem.

Die verspreiding van die polio-entings het later gerealiseer deur ’n groot aantal persone en instansies bymekaar te kry, waar elkeen sy deeltjie van die groot verspreidingsproses gedoen het. Net een persoon sou dit nooit op sy eie kon doen nie, maar omdat so baie mense betrokke was, was dit moontlik om teen 2001 die aangemelde gevalle van polio te verlaag na 500 wêreldwyd.

Net soos by die verspreiding van die polio-entstowwe, word ons almal benodig by die verspreiding van die evangelie. En God sal elkeen van ons toerus om op die regte tyd die regte woorde te spreek: “*maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.*” (Hand 1:8). Net soos die polio-entstowwe via ’n verspreidingsproses – wat verskillende persone en instansies benodig het – versprei was, net so benodig die verspreiding van die evangelie ook verskillende persone en instansies. “*Wie is Paulus dan, en wie Apollos anders as dienaars*

*deur wie julle gelowig geword het? En dit soos die Here aan elkeen gegee het. Ek het geplant, Apollos het natgemaak, maar God het laat groei. So is dan hy wat plant of hy wat natmaak, niks nie, maar God wat laat groei. Maar hy wat plant en hy wat natmaak, is een, maar elkeen sal sy eie loon volgens sy eie arbeid ontvang.*” (1 Kor 3:5-9). Hier leer God ons dat elkeen sy eie rol en verantwoordelikheid gekry het in die verspreiding van die evangelie. Die een plant, ’n ander een maak nat, ens.

#### Roeping by die werk

Die grootste deel van ons volwasse lewe spandeer ons by die werk. En dit is ook ons opdrag om werksaam te wees op God se aarde. Maar ook daar waar God ons geplaas het, het ons nog ’n ander taak wat net so belangrik is. God se evangelie moet ook daar versprei word. Die Bybel gebruik o.a. terme uit die landbou om die verspreiding van die evangelie te beskryf.



Evangelisasie kan in 4 fases verdeel word:

- **Kultivering:** Die mens se hart kan vergelyk word met grond. Maak dit eers ontvanklik vir planting.
- **Planting:** Begin leer van God en sy Woord.
- **Oes:** Groei in die geloof.
- **Vermeerdering:** Groei in geloof as persoon en in gemeenskap.

Kom ons fokus eers op die kultiveringsproses. Dié proses is ook die mees uitdagende proses wat baie geduld en arbeid vereis, net soos dit in die landbou vandag nog steeds ervaar word. Waar jy jouself ook

al bevind, of dit nou by die werk, huis of skool is, moet jy eers jousef bekend maak met die omgewing waarin jy jousef bevind. Wat is die reëls en waar en wanneer het jy die moontlikheid om met mense te gesels? In die Bybel is daar verskillende voorbeelde waar God se kinders hulle werk en geloof meng. Kyk maar na Abraham, Josef, Dawid, Daniël en Jesus. En ons hoef ook niemand te vrees wanneer ons geloof en werk meng nie. *“Daarom kan ons met alle vrymoedigheid sê: Die Here is vir my ’n Helper, en ek sal nie vrees nie; wat sal ’n mens aan my doen?”* (Hebr 13:6). Hoe kan ons ernstig wees oor God, maar Hom nie betrek by ons daaglikse werk nie? Wanneer ons by die werk oor die evangelie begin praat, is dit belangrik om te onthou dat ons doel nie net is om die werkgemeenskap by God te kry nie, maar om God by die werkgemeenskap te kry. Dis ’n belangrike faset, want hoe gereeld meet ons nie die sukses van ons evangelisasie in terme van of die persoon op die ou einde by ons kerk aansluit nie? Deel van die kultiveringproses is om jou beste te gee by die werk. Nie om self materieel daaruit bevoordeel te word nie, maar om by die werk God te eer. Dit behoort dan ook sigbaar te word vir jou medewerker en op dié manier sal jou medewerker ten eerste God in jou leer ken en terselfdertyd ook meer respek vir jou ontwikkel. Die wedersydse respek vir mekaar is belangrik, veral wanneer jy op ’n later stadium met die persoon oor die geloof wil gesels. Indien ’n persoon nie respek vir ’n ander het nie, is die kans klein dat hy oor geloofsake sal wil praat!

### **Iemand honger?**

Die mense by die werkplek het onderliggend ’n *honger* na een of ander god. Ongelukkig staan dit nie op elkeen se voorkop geskrywe nie. Daarom is dit belangrik om dit op ’n subtiele manier te probeer uitvind. En dit gaan jy net regkry indien jy ’n goeie verhouding met die persone opbou, en hulle dan van die Enigste God te vertel. Paulus het ook eers gaan uitvind hoe die mense dink en watter geestelike behoeftes hulle het, voordat hy die evangelie begin verkondig het. *“En terwyl Paulus in Athéne vir hulle wag, het sy gees in hom opstandig geword toe hy sien dat die stad vol afgodsbeelde was... Paulus gaan toe in die middel van die Areópagus staan en sê: Atheners, ek sien dat julle in elke opsig baie godsdienstig is. ... Want terwyl ek rondgegaan en julle heiligdomme aanskou het, het ek ook ’n altaar gevind waarop geskrywe is: Aan ’n onbekende God. Hom dan wat julle vereer sonder om Hom te ken, verkondig ek aan julle.”* (Hand 17: 16-23). Jy kan jousef die volgende vrae afvra om te bepaal wie “honger” het. Ken jy die persoon goed genoeg? Hoekom wil die persoon nie oor sy geloof praat nie? Is daar enige aanduidings dat die persoon dalk wel

honger vir die geloof is? Wat gaan die mees optimale strategie wees om die persoon te nader om oor die evangelie te praat? Onthou, baie mense kruip weg agter aardse behoeftes. Dis waarom die meeste persoonlike gesprekke by die werk handel oor wat die naweek gedoen is en watter nuwe materiële dinge in die mense se lewe ’n rol speel. Maar sodra jy dieper begin delf (belangstellende vrae vra), sal jy sien dat mense wel belangstel in geloof / vrae het oor die geloof. Dit is dan ook belangrik om self oop te wees daarvoor om die evangelie met ander te deel. Ons as Christene het iets wat die ander wil hê en baie nodig het, ons moet net leer om dit op die regte manier oor te dra. Maar hoe en waar begin ons? Begin deur jou daaglikse optrede en wat jy sê by die werk en so te doen dat dit God in jou lewe weerspieël. Wys dus aan hulle dat jy ’n Christen is. Op dié manier behoort jy ook hulle vertroue te kry.

### **“Verdien” om gehoor te word**

Die meeste “pre-Christene” het ’n weerstand of negatiewe sentimente teenoor geloof. Dié weerstand is meestal veroorsaak deur ander kerkmense of organisasies wat dalk die geloof op ’n minder effektiewe manier probeer oordra het en dit kon lei tot misverstande. Daarom is dit belangrik om eers weer terug te gaan na jousef. Begin in jou eie hart. Glo jy self in God? Is jy oortuig van sy genade en uitverkiesing? Sonder standvastigheid in jou eie hart gaan dit moeilik wees om met iemand anders met oortuiging oor die geloof te praat. Soos eerder genoem, is dit o.a. die doel om die kollega se vertroue te wen. En vertroue word nie gebou op kommunikasie of evangelisasetegnieke nie. Daarom hoef ons nie agter verskonings weg te kruip soos: ek kan nie goed praat nie, of: ek weet nie wat om eerste te sê nie. Deur vertroue by die werk te bevorder, kan daar gekyk word na jou geestelike invloed by die werk. Geestelike invloed word verdien, nie geëis nie!


- Bekwaamheid in jou werk. *“Toe het hierdie Daniël bo die ministers en die landvoogde uitgemunt, omdat ’n voortreflike gees in hom was; daarom was die koning van plan om hom oor die hele koninkryk aan te stel.”* (Dan 6:4)
- Eervolle karakter moet bekwaamheid ondersteun. *“Maar die vrug van die Gees is liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.”* (Gal 5:22)
- Sorgsaamheid, hoe behandel jy mense. *“Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net ’n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor.”* (Ef 4:29)



- Wyse kommunikasie, probeer altyd reg wees met 'n antwoord indien iemand vra. *"Maar heilig die Here God in julle harte en wees altyd bereid om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle rekenskap eis omtrent die hoop wat in julle is, met sagmoedigheid en vrees;"* (1 Petr 3:15)
- Weet ook wanneer om wel OF nie te praat nie. *"Kyk, Ek stuur julle soos skape onder die wolwe in; wees dan versigtig soos die slange en opreg soos die duiwe."* (Matt 10:16)
- Moed hê. Dis nie altyd maklik nie. Partykeer gaan jy teen die stroom in. Volg egter net vir God en dan sal die moed van jou lewe met God kom (Jos 1:8-9): *"Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel. Het Ek jou nie beveel nie: Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik nie; want die HERE jou God is met jou, oral waar jy heengaan."*

'n Klomp eienskappe wat nie altyd maklik is om by te hou nie, maar ons moet nogtans probeer. Met God

se hulp is dit moontlik. Daarom is die gebed so belangrik waar ons God kan en moet vra om ons te help om 'n goeie geestelike invloed by die werk uit te oefen.



Volgende keer wil ons graag verder kyk na die kultiveringproses en hoe ons met ons kollegas oor die geloof kan begin praat.

Bron: "Going public with your faith" geskryf deur WC Peel & W Larimore

**Frans Hagg** is 'n lid van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.

## ADVERTENSIES



★ **UITMUNTENDE KWALITEIT KOFFIE**

BESTEL DIREK VIR GENOT  
TUIS OF OP KANTOOR  
[WWW.PIERRELOTTI.CO.ZA](http://WWW.PIERRELOTTI.CO.ZA)

**08600-COFFEE**

**Stigting Woord en Wandel  
(Eienaar & Uitgewer)**

Gilles de Jager (voorsitter)  
Berend Kamphuis  
Dr Gerard Hagg  
Louise Ros (administrasie)

Posbus 31141, Totiusdal, 0134  
Tel 012 332 0127  
Faks 086 651 9719  
E-pos (stigting & administrasie):  
[kompas.admin@vgk.org.za](mailto:kompas.admin@vgk.org.za)

**Drukker:**

Printburo (telnr 012 335 9134)

**Redaksie:**

Prof Hans Boon (eindredakteur)  
Douwe Drijfhout  
Gerhard Bijker  
Marja Danielz  
Heleen Snijder

**Subredakteurs:**

Leer & Lewe:  
Roelof de Jong  
Gesin & Opvoeding:  
Petrie Eefting  
Venster op die Bybel:  
Ds Jopie van der Linden  
Samelewing & Politiek:  
Willie Spies  
Wetenskap & Tegnologie:  
Johan Bijker  
Kuns & Kultuur/Resensies:  
Jenny Boon  
In Pers-pektief:  
Hans Moes

**Redaksieadres:**

19<sup>de</sup> Laan 560  
Rietfontein 0084  
e-pos : [kompas@vgk.org.za](mailto:kompas@vgk.org.za)

**Advertensies:**

Navrae by die Administrasie

**Elektroniese betalings:**

Stigting Woord en Wandel  
Nedbank Gezina  
Takkode : 16 03 45  
Reknr : 1603 031 820  
Vermeld asb u naam en lidnommer

**Intekengelde (per jaar):**

RSA per e-pos : R55  
RSA per hand : R110  
RSA per pos : R150  
Buiteland per e-pos : €10  
Buiteland per sepos : €30  
Buiteland per lugpos : €40

<http://kompas.vgk.org.za/>



**Prokureurs, Notarisse en  
Aktevervaardigers**

- Eiendomsreg
- Opstel van koopoorrenkomste
- Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
- Notariële waarmerkings
- Testamente
- Algemene regsadvies

Kontak: Willie Spies of  
Johan Hurter  
Telefoon 012-664-0708  
of epos [willie@hurterspies.co.za](mailto:willie@hurterspies.co.za)



**GORDONSBAAI - HOOGGENOEG**

3 slaapkamer vakansiehuis vir 4-5 persone met  
uitsig op see en berge.

Vir verdere inligting en besprekings

kontak ons by:

[www.hooggenoeg.co.za](http://www.hooggenoeg.co.za)

[jettysalomons@telkomsa.net](mailto:jettysalomons@telkomsa.net)

082 320 6577 of 021 856 0736

Piet en Jetty Salomons